# Die regering van die Kerk – 1Tim 3:8-10

**1Tim 3:8-9 se diaken-merktekens**
**en vers 10 se Gemeente-roeping daarby.**

**November 2014**

*Ps-vooraf* Ps 28: 6, 7, 8

## Ontmoetingsdiens.

***Votum.***

**“Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.”**

**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**

**en die Here Jesus Christus**

**deur die kragvolle werking van die Heilige Gees”**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 26: 1, 3, 5

***Geloofsbelydenis***

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

Ons gaan nou luister na die wet van die HERE soos ons dit vind in Eks 20.

***Psalm na die wet*** – Ps 26: 6, 7

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

***Psalm na gebed*** – Ps 101: 1, 2, 4

## Woorddiens.

***Die Woord van die HERE spreek tot ons uit*** Hand 6:1-15; 1Tim 3:8-10

***Psalm as antwoord op die Woord*** – Ps 119: 41, 42

***Ons Fokus op*** 1Tim 3:8-10

### *Skrifverklaring*

### Inleiding

Geliefdes   wanneer Paulus in ***vers 8-9*** sê:

*"Net so moet die diakens waardig wees,*

*nie uit twee monde spreek nie,*

*nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie,*

*manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou"*

dan hoor ons

dat ***ook*** diakens *merktekens* moet hê.

Ja   net soos Paulus in ***vers 2-7*** gewys het

dat ouderlinge *merktekens* moet hê

moet diakens ook merktekens hê.[1]

*Verduidelik*

Aan hierdie *merktekens* moet ons manne

wat as ouderlinge-en-diakens moet dien    kan uitken.

En in ***vers 8-9*** leer Paulus nou spesifiek oor diaken-merktekens.

Maar kom ons dan in ***vers 10***    waar Paulus sê:

*"En hulle moet* ***ook*** *eers 'n proeftyd deurmaak ..."*

Of eers geëvalueer word

soos die Nederlandse Statevertaling dit stel[2]

dan sit Paulus iets baie belangriks ***by vers 8-9*** se merktekens.[3]

---

1 ωσαυτως sê vir my dat daar tussen διάκονος en ἐπίσκοπος 'n ooreenkoms is (Baljon bl 1126; Greek grammer byond basics bl 675; Knight se 1Tim komm bl 168).

2 δοκιμαζεσθωσαν = praes imperat mv med/pas van δοκιμάζω, met die betekenis van 'laat hulle noukeurig getoets word'/ 'hulle moet noukeurig getoets word'/ 'laat hulle hulself noukeurig toets' (Baljon bl 242). Vanuit die konteks, waar dit gaan oor ander wat merktekens in die διακονοι moet raaksien, kies ek vir die passiewe betekenis van die ww. ***Dus:*** 'laat hulle noukeurig getoets word/ geëvalueer word' (vgl Knight se 1Tim komm bl 170; Calvyn se 1Tim komm bl 87).

3 Met δε (**vers 10**) voeg Paulus nog 'n gedagte by die van **vers 8-9** (Greek grammer beyond basics bl 671). Hierdie byvoeging dmv δε word, na my mening, dan versterk deur die bywoordelike και, met die betekenis van 'ook' (Baljon bl 476; Alford se 1Tim komm bl 327). ***Dus:*** die merktekens van **vers 8-9** moet daar wees ... *'en **ook**'* moet dit wat nou

*Verduidelik*[4]

En hierdie iets is dat *ons* regtig moet seker maak
dat manne wat in die diaken-amp gaan dien
hierdie merktekens het.

*Toepassing*[5]

En *dit* is ons as gelowiges ons as Kerk se verantwoordelikheid.
Ons moet seker maak. Dis ons roeping.

* * * * *

En dit gaan ons tema wees vanoggend.

| |
|---|
| ***1Tim 3:8-9* se diaken-merktekens**<br>**en *vers 10* se gemeente-roeping daarby.** |

***Terugblik***

Maar voor ons aangaan
kom ons maak net seker ons is mooi by
oor waaroor dit in ***1Tim 3:8-10*** gaan.

**A.** Ek dink dis belangrik dat ons moet raaksien
dat as Paulus ons in ***vers 8*** sê:
*"Net so ... die diakens ..."* hy van die ouderling-amp
waaroor'it gegaan het in ***vers 1-7***
oorgaan na die diaken-amp.[6]

---

in **vers 10** volg daar by kom of daar by gedoen word (vgl Bouma se 1Tim komm bl 71).

4 Vgl Knight se 1Tim komm bl 170

5 Wie is die agent van die passiewe ww δοκιμαζεσθωσαν wat hierdie evaluasie opdrag moet uitvoer? Ek het reeds by **vers 8** gesien dat daar 'n nou verband is tussen die diaken-amp en die gebeure in **Hand 6:1-3** (Clark se 1Tim komm bl 60). Daar moes sewe manne gekies word om die liefde-diens-bestuur-bediening te behartig. Dit is ook die werk wat die diakens van **1Tim 3:8** moet doen. Vanuit **Hand 6:3** leer ek dat die Jerusalem-kerk die sewe manne moes kies (ἐπισκέπτομαι). Hierdie woord het egter ook die betekenis van 'noukeurig uit-kyk-en-dan-kies' (TDNT vol 2 bl 604-605; Macarthur se Hand komm bl 181) – iets wat, na my mening, ooreenstem met δοκιμάζω (vgl Lou & Nida.odt). Dus, die Jerusalem-kerk was in hulle ἐπισκέπτομαι-handeling ook besig met δοκιμάζω aan die hand van die vereiste wat daar gegee word (**Hand 6:3**). ***Gevolgtrek:*** Hierdie parallel tussen ἐπισκέπτομαι en δοκιμάζω wys vir my in die rigting dat net soos in die Jerusalem-kerk, *lidmate* van plaaslike Kerke manne moet evalueer alvorens hulle in die diaken-amp kan staan (vgl Knight se 1Tim komm bl 170; Ryken se 1tim komm bl 128). ***Toepassing:*** **Vers 10** wys my dus op my as lidmaat se verantwoordelikheid by die aanwys van diakens.

6 ωσαυτως het die betekenis van 'net so' (Baljon bl 1126; Knight se 1Tim komm bl 168). Net soos in **2:9** en ook in **3:11** is dit ook hier 'n merker wat wys dat Paulus nou na 'n volgende saak oorgaan (Ridderbos se 1Tim komm bl 97).

**B.** Maar met *Net so* van ***vers 8***
gaan Paulus nie net oor na die diaken-amp nie.

Nee. Met *net so* wys Paulus ook op'ie ooreenkoms
tussen ouderlinge en diakens.

*Opmerking*
En voor verlede week kon ons vanuit hierdie ooreenkoms
drie dinge leer oor'ie diaken-amp.

**I**[7] Ons kon leer dat:
Nes ouderlinge diakens ook in 'n amp staan.

**II**[8] En nes'ie ouderling-amp is'ie diaken-amp nie iets
wat mense uitgedink het nie.
Dis'ie tweede ding wat ons oor'ie diaken-amp kon leer.

*Verduidelik*
Ons kon'it leer uit ***Hand 6:1-3***.
Daar in die begin van die NT-Kerk-geskiedneis in'ie Jerusalem-kerk
het die apostels twee bedieninge gehad:

- Die Woord-bediening
- en dan ook 'n leiding-gee-bediening
  in'ie gelowiges se liefde-diens aan mekaar.

En toe word dit alles te veel vir'ie apostels.
Daarom het die ***apostels*** die gelowiges opgeroep
om sewe manne te kies
wat hierdie leiding-gee-bediening in gelowiges se liefde-diens
kon behartig.

---

7 Vgl 1Timoteus 3,8.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php
8 Vgl 1Timoteus 3,8.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

En dis presies hierdie werk wat diakens steeds moet doen.
Hulle moet vir ons as gelowiges leiding gee
in ons liefde-diens aan mekaar.

So die diaken-amp kom nie van mense af nie.
Dit kom van die apostels se besluite daar in ***Hand 6:1-3*** af.
En daarom van Christus af.

*Bewys*
Want Christus het eenmaal in Luk 10:16 vir sy apostels gesê:
*"Wie na julle luister, luister na* ***My*** *..."*

**III**[9] Dis'ie tweede ding oor die diaken-amp.
Die derde is dat die diaken-amp nes die ouderling-amp baie belangrik is.
En *dit juis* omdat diakens so 'n baie belangrike werk moet doen.

En oor hierdie werk kon ons ook voor verlede week
meer leer vanuit ***Hand 6:1-3***.
Ons kon leer dat die diakens se werk inhou
**a.** dat hulle leiding moet gee
sodat ons almal kan saamwerk
om ware liefde en eenheid te beleef.

**b.** Ons kon leer dat die diakens se werk inhou
dat hulle leiding moet gee aan ons almal
sodat ons armes en weduwees met selfopofferende liefde kan dien
sodat hulle nie meer die hartseer en die alleenheid en die gebrek
van hierdie sondige-wêreld hoef te beleef nie.

**c.** Ons kon leer dat die diakens se werk inhou
dat hulle leiding moet gee in die liefdediens van die Kerk
sodat die Kerk geloofwaardig kan wees in die wêreld

9 Vgl 1Timoteus 3,8.pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

juis omdat die diakens ons prakties lei in ons liefde-diens.
En die wêreld dan nie kan sê:

'Julle verkondig die nuwe gebod van liefde
soos Christus lief gehad het  maar julle leef dit nie.'

* * * * *

En dis  so belangrik  geliefdes!!  Hierdie werk van die diakens.
Maar juis daarom  moet hulle ook  nes die ouderlinge  merktekens hê
waaraan ons hulle kan uitken  en kies.[10]

En daarby wil ons nou vandag stilstaan.  En daarom is ons tema:

***1Tim 3:8-9* se diaken-merktekens**
**en *vers 10* se gemeente-roeping daarby**

En dan gaan ons stilstaan by:

- Die merktekens van **vers 8-9**
- En die implikasies daarvan

En dan gaan ons aan na ***vers 10*** toe

- En ons as gemeente se roeping.
- En 'n baie belangrike waarheid daarby

* * * * *

**1.** So kom ons begin by **die merktekens van *vers 8***.
En in ***vers 8*** is daar vier merktekens.

**A.** Paulus sê:  *"Net so moet die diakens **waardig** wees ..."*
Dis'ie eerste merkteken.  Diakens moet *waardig* wees.

En *waardig* is ons vertaling van die Griekse woord σεμνός.
Die ou-Nederlandse Statevertaling vertaal'it met *"eerbaar".*
En vir my is dit nogal 'n mooi vertaling.

10 Vgl Bouma se 1Tim komm bl 70; Macarthur se 1Tim komm bl 125-126; Calvyn se Hand komm bl 235; Macarthur se Hand komm bl 182

*Verduidelik*[11]

Want as jy σεμνός is   dan leef jy so

dat mense eerbied vir jou kan hê.

Jy leef so

dat mense agting of respek vir jou kan hê.

Jy leef so

dat jy met jou lewe 'n voorbeeld vir ander kan wees.

En so kan ons lewe net    as ons deur die Gees van God

'n lewe leef van ware vrees-vir-die-HERE.

*Bewys*[12]

Ons leer'it bv vanuit Ps 15:4.   Daar hoor ons

dat ons mense wat die HERE vrees

moet eer    en agting vir hulle moet hê.

So   'n lewe van vrees-vir-die-HERE

maak ook dat jy agting waardig  σεμνός   is.

*Verduidelik*[13]

En wat beteken'it om die HERE te vrees?

Wel    dis respek vir die HERE

saam met liefde vir die HERE.

Ons sien'it veral in Deuteronomium.

Vrees vir die HERE en liefde vir die HERE gaan saam.

---

11 σεμνους = akk mv van σεμνός en het die betekenis van 'agting waardig'/ 'iemand wat geëer kan word'/ 'iemand wat 'n ordelike lewe leef, en so agting of eerbied waardig is'. Hierdie σεμνός lewe kan nie los gemaak word van εὐσέβεια lewe nie – hierdie twee woorde val in die selfde semantiese veld en word ook in **1Tim 2:2** saam gebruik. Belangrik van 'n εὐσέβεια lewe is dat dit 'n lewe van ware God-vrees is, wat inhou aktiewe nederige liefde, vertroue, aanbidding en gehoorsaamheid aan God alleen soos Hy Hom openbaar in sy Woord – **Deut 5:29; 6:2; 10:12,20; Spr 22:4** (NIDNTT vol 2 bl 90, 91, 92-93, 94, 95; Ridderbos se 1Tim komm bl 72; Macarthur se 1Tim komm bl 126; Waltke, An OT theology, bl 161, 483).

12 Vgl NIDOTTE vol 2 bl 579

13 Vgl  Waltke, An OT theology, bl 161, 483

En daarby ook vertroue op die HERE
en 'n lewe vanuit die HERE se Woord.

So 'n lewe van respek vir die HERE en liefde vir die HERE
en vertroue op die HERE
en 'n lewe in gehoorsaamheid aan die HERE se Woord.
*Dit* is 'n lewe van Godsvrees.

En vir iemand wat so leef moet ons agting hê.
So iemand is waardig. So iemand kan 'n diaken wees.

*Voorbeeld*[14]
Vat nou maar vir Stefanus
van wie ons in ***Hand 6*** lees.
Hy was mos een van die 'sewe'
vir wie die Jerusalem-kerk gekies het om diaken-werk te doen.

***Hand 6:5*** vertel
dat hy *"vol van geloof en van die Heilige Gees"* was.
***Hand 6:8*** sê: Hy was *"vol van geloof en krag"*.

En dan kan'it nie anders nie.
Stefanus se lewe was ook 'n lewe van ware Godsvrees.
En daarom moes mense hom ag.
Binne en buite die Kerk.[15]

Daarom dat *"sommige van die sogenaamde sinagoge*
*van die Libertyne ... en van die Cirenéërs en Alexandryne,*
*en van die mense van Cilícië en Asië"*
van wie ons hoor in ***Hand 6:9***
toe hulle iets teen Stefanus wou inbring
omdat hulle hom gehaat het en wou dood maak

14 Vgl Lange se 1Tim komm bl 41
15 Vgl Ryken se 1Tim komm bl 124

manne opgestook het om te lieg en valse getuienis af te lê
en in ***Hand 6:11*** te sê:
*"Ons het hom lasterlike dinge hoor praat*
*teen Moses en God."*

Want dit was al hoe hulle iets teen Stefanus kon inbring.
Net met valse getuienis.
Teen sy manier van lewe kon hulle niks inbring nie.
Want Stefanus het vol van die Heilige Gees
met Godsvrees waardig geleef.

* * * * *

En so moet diakens vandag nog wees.
Hulle moet geag kan word.
Hulle moet eerbied-waardig wees.
Omdat hulle met ware Godsvrees leef.

**B.** Daarom sal diakens ook *"nie uit twee monde spreek nie".*
Dis ***vers 8*** se tweede merkteken.

En dan's hierdie *"nie uit twee monde spreek nie"*
ons vertaling van μη διλογους.
Die ou-Statevertaling vertaal dit met *"nie tweetongig nie"*.

*Verduidelik*[16]
So 'n diaken moenie met twee stories kom nie.
Hy moet altyd een waarheid praat.
Vanuit sy Godvresende lewe moet hy ook betroubaar wees.[17]

* * * * *

**C. *Vers 8*** se derde diaken-merkteken
is dat 'n diaken *"nie verslaaf aan wyn (moet wees) nie ..."*

16 Vgl Baljon bl 238; Bouma se 1Tim komm bl 70; Knight se 1Tim komm bl 168; Lange se 1Tim komm bl 41
17 Met 'n diaken moet dit wees soos by Paulus. Hy't een maal ... in 2Kor 1:18 ... vir die Kerk in Korinte geskryf: *"So waar as God getrou is—ons woord tot julle was nie ja en nee nie!"* (Vgl Macarthur se 1Tim komm bl 127; Ryken se 1Tim komm bl 124-125)

*Verduidelik*[18]

Nou die Griekse woord wat ons vertaal met *verslaaf*
kan ons ook *geheg wees* beteken.

So 'n diaken moenie iemand wees wat verslaaf is
of geheg is aan baie wyn nie.
Baie wyn drink moenie sy gewoonte wees nie.

* * * * *

En dis so belangrik. Want 'n diaken se werk is
om vir ons almal leiding te gee
sodat ons armes en weduwees met selfopofferende liefde kan dien
sodat hulle nie meer die gebrek
van hierdie ou-sondige-wêreld hoef te beleef nie.

En dis 'n baie belangrike werk.

*Skrif met Skrif*

Daarom dat ***Hand 6:3*** sê die manne
wat leiding moet gee aan die Kerk se liefde-diens
*"vol van die Heilige Gees en **wysheid**"* moet wees.

Maar 'n dronkaard is nie vol van die Heilige Gees nie.
Nee hy's vol wyn.
En leeg van die Heilige Gees en vol wyn
is daar ook niks wysheid nie.[19]

Want in Spr 20:1 staan daar:
*"Die wyn is 'n spotter, en sterk drank 'n lawaaimaker;*
*en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, **is nie wys nie**."*

---

18 μη ... προσεχοντας = μη + praes part akt akk mv van προσέχω, met die betekenis van 'nie verslaafdes ...'/ 'nie die wat geheg is ...'/ 'nie die wat onverdeeld gerig is ...'/ 'nie die wat toegewy is ...' (Baljon bl 832; NIDNTT vol 3 bl 908; Knight se 1Tim komm bl 168). Die praes part dui hier op 'n voortdurende toestand of 'n gewoonte (Binnewerk bl 37-38; Macarthur se 1Tim komm bl 127).

19 Vgl Grosheide se Hand komm vol 1 bl 196-197

En dan is die wat waarlik arm is en weduwees is
nie meer onder die liefdevolle sorg van 'n diaken nie.
Nee  dan's hulle oorgelewer aan 'n skrikwekkende tiran.

Want 'n dronkaard van 'n diaken gaan armes en weduwees
net nog armer laat word.
Want Spr 23:21 sê: *"'n drinker ... sal arm word ..."*

En so iemand kan nie armes en weduwees dien nie.
Nog minder kan hy aan die Kerk van Christus leiding gee
in ons liefde-diens aan mekaar.

* * * * *

*Oorgang*
So  dis'ie diaken-merktekens
waaroor ons so ver in ***vers 8*** kon leer.

- 'n Diaken moet werklik Godvresend leef
  sodat hy eerbied-of-agting-waardig kan wees.
- Daarom praat 'n diaken ook nie uit twee monde nie.
- Daarom is 'n diaken ook nie verslaaf aan wyn nie.

**D.** En daarom is diakens ook nie 'n *"vuilgewinsoekers nie"*.
Dis ***vers 8*** se vierde diaken-merkteken.

*Verduidelik*[20]
Nou  'n vuilgewinsoeker is iemand
wat so deur geld beheers word
dat hy sal sonde doen  om geld in die hande te kry.
Hy sal nie skroom  om op vuil sondige manier wins te maak nie.

En so iemand mag nie 'n diaken wees nie.  Hoekom nie?
Wel  omdat 'n vuilgewinsoeker

20 μη αισχροκερδεις = μη + akk mv van αἰσχροκερδής, met die betekenis van 'nie gieriges'/ 'nie die wat begerig is na verkeerde sondige winsmakery op 'n vuil lelike manier' – vgl **Tit 1:7; 1Pet 5:2** (NIDNTT vol 3 bl 564; TDNT vol 1 bl 190). Diakens wat moet insamel en uitdeel - vgl **Hand 6:1-3**; **Hand 5:1-10**; **4:34-35**; **2:44-45** – moet werklik nie gierigaards wees nie (vgl Lange se 1Tim komm bl 41).

met sy lewe van gierigheid en vuilgewinsoekery
die merktekens dra van iemand wat nog net glad nie verlos is nie.

*Verduidelik*[21]
Want Jesus het *"nie gekom om gedien te word nie,*
*maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."*
So verkondig Jesus in Mark 10:45.

Ja Jesus het kom dien
en so al deinend het Hy sy lewe gegee aan die kruis
om ons te verlos.

* * * * *

Uit wat? Wel in Rom 6:18 byvoorbeeld leer Paulus
dat Jesus ons bevry het uit die sonde-mag
waarin ons geleef het vir Sonde en Satan
met haat en self-gesentreerdheid.

Maar toe kom Jesus die Seun van God
en Hy word die Kneg van die HERE
wat ons kom dien en verlos en bevry uit die sonde.

Om wat te doen? Wel Paulus sê in Gal 5:13
*"julle is tot vryheid geroep ... dien mekaar (dan) deur die liefde."*

* * * * *

En dan?
Wel dan is ware kinders van God nie meer vuilgewinsoekers
wat die geldgod dien nie.

Nee! Met selfopofferende liefde dien ons mekaar.
Selfs al beteken dit
dat ons ons *"eiendomme en besittings (moet) verkoop"*

21 Vgl die gelykenis van die saaier. In hierdie gelykenis leer Jesus dat liefde vir rykdoem die boodskap van die Evangelie versmoor – die boodskap van verlossing uit genade alleen uit die sonde tot 'n nuwe lewe van selopofferende dien (vgl Mat 13:22; Mark 4:19; Luk 8:14).

om 'n broeder of 'n suster
wat in die nood is te help.     Hand 2:45 vertel daarvan.

En dan kan ons dit doen.
Want Jesus het ons uit die kloue van Momon kom bevry.
En uit die sonde van gierigheid en selfsug en vuilgewinsoekery
sodat ek    soos Hy    ook kan dien    met selfopofferende liefde
al moet ek arm word    om my broeder en suster te help.

Want ek weet uit 2Kor 8:9
dat Jesus vir my *"arm geword het,*
*sodat (ek) deur sy armoede ryk kan word"*
met 'n skat in die hemel.[22]

* * * * *

Ja    dis'ie Evangelie van Jesus Christus.
Dis waartoe Jesus ons kom bevry het.

En nou'sit diakens se werk
om leiding te gee in hierdie nuwe lewe
van selfopofferende diens aan mekaar.

Maar dan kan'it mos nie!
Dan kan diakens mos nie vuilgewinsoekers wees nie.
Dan moet geld mos nie 'n diaken se god wees nie.

*Toepassing*
Nee   diakens moet by uitstek manne wees
wat deur Jesus bevry is    om te gee:    hulle geld    hulle goed.

Hulle moet hierin met hulle voorbeeld leiding gee.
Hulle hele lewe moet die waarheid van 1Joh 3:16 verkondig.

22 Mat 6:19-21; Mark 10:21

Dis daar waar die apostel leer en sê:
*"Hieraan het ons die liefde leer ken,*
*dat Hy sy lewe vir ons afgelê het;*
*en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê."*

* * * * *

**2.** Maar juis daarom is **die merkteken van *vers 9*** so belangrik.

*Opmerking*
En kom ons staan nou daarby stil.
Ons was nou by die vier merkteken van ***vers 8***
wat sê dat diakens *"waardig moet wees,*
*nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie,*
*geen vuilgewinsoekers nie."*

Maar kom ons gaan nou aan na ***vers 9*** toe waar Paulus sê
dat diakens *"manne (moet wees)*
*wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou."*

En dis so belangrik. Maar wat beteken'it?

*Opmerking*
En dis belangrik om te weet. Want dis alleen
wanneer diakens *die verborgenheid van die geloof* vashou
dat hulle waarlik kan leiding gee
in ons as gemeente se nuwe lewe
van selfopofferende liefde-en-dien.

* * * * *

So ja wat beteken ***vers 9*** se merkteken
wat sê dat diakens *"manne (moet wees)*
*wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou."*

*Verduidelik*[23]

Nou    die verborgenheid van die geloof
is vir Paulus altyd die Evangelie.
Dis die waarheid van die Woord.

En dis altyd verborge    heeltemal toe    geheim
as God dit nie aan ons openbaar nie.

*Skrif met Skrif*
Paulus praat bv in Rom 16:25-26
van *"die **openbaring** van die verborgenheid*
*wat eeue lank **verswyg** is,*
*maar nou **geopenbaar** is*
*en deur die profetiese Skrifte **bekend gemaak is***
*onder al die heidene ..."*

En in 1Kor 2:7 sê Paulus:
*"ons spreek die wysheid van God,*
*wat bestaan in verborgenheid **wat bedek was** ..."*
En dan gaan hy in vers 10 voort    en sê:
*"Maar God het dit aan ons **deur sy Gees geopenbaar** ..."*

* * * * *

So    dis wat *"die verborgenheid van die geloof"* is.
Dis'ie geopenbaarde Evangelie    die goeie-nuus    oor Jesus Christus
wat in hierdie wêreld gekom het
om sondaars te verlos    uit die mag van Satan    en Sonde    en dood
sodat ons nuut kan lewe
nie meer in haat en self-gesentreerdheid nie
maar nuut    met selfopofferende liefde-en-dien.

---

23 το μυστηριον = akk ev ons, en is hier die obj van εχοντας, en het die betekenis van 'die geheim wat op geen ander manier as deur openbaring bekend kan word nie (**1Kor 2:11**), maar nou wel geopenbaar is deur die verkondiging van die apostel' – vgl **Kol 4:3; Rom 11:25; 16:25; 1Kor 2:7-12; 4:1** (Baljon bl 629; NIDNTT vol 3 bl 504; Knight se 1Tim komm bl 169; Ridderbos se 1Tim komm bl 96, 97). Die gen της πιστεως is hier, so meen ek, 'n gen van inhoud. της πιστεως sê vir my waaroor το μυστηριον gaan. το μυστηριον της πιστεως is die geopenbaarde inhoud van die Christelike geloof wat verkondig word en geglo moet word – vgl bv **Gal 1:23** waar Paulus praat van *"verkondig ... die geloof ";* vgl ook **1Tim 4:1,6**; **6:10** (vgl NIDNTT vol 3 bl 505; Pop, Bijbelse woorden en hun geheim, bl 214; Knight se 1Tim komm bl 169; Ridderbos se 1Tim komm bl 96, 98; Macarthur se 1Tim komm bl 128).

En nou kom Paulus in ***1Tim 3:9*** en hy sê
dat diakens manne moet wees
*“wat die verborgenheid van die geloof in ‘n rein gewete hou.”*

So die Evangelie oor Jesus Christus
die volle inhoud daarvan wat dit beteken
dat dit gaan oor verlossing uit genade alleen
sodat ons as verlostes God en ons naaste in liefde kan dien
moet absoluut deel van diakens se lewens wees.

*Verduidelik*

Want dis wat dit beteken as Paulus in ***vers 9*** sê
dat diakens manne moet wees
*“wat die verborgenheid van die geloof in ‘n rein gewete hou.”*

Ja hulle moet manne wees wat die Evangelie ken.
Hulle moet manne wees wat die Evangelie aangeneem het.
Hulle moet manne wees wat uit die Evangelie leef.[24]

Want sonder kennis van die Evangelie
sonder die aanneem van die Evangelie
sonder 'n lewe vanuit die Evangelie
kan jy nooit 'n rein gewete hê nie.[25]

* * * * *

*Toepassing*

En dis so belangrik! So ontsettend belangrik!
Want hoe vra ek ja hoe gaan diakens leiding gee

---

24 χοντας = praes part akt akk **ml** mv van ἔχω, met die betekenis van 'manne wat vashou ...'/ 'manne wat aangeneem het ...'/ 'manne wat in hulle het ...'/ 'manne wat bewaar ...' – vgl **Mark 4:20**; **Joh 5:37-38**; **1Tes 2:13** (Baljon bl 396; TDNT vol 2 bl 820-821; Ridderbos se 1Tim komm bl 98). Die praes part wys my op 'n voortdurende handeling (Binnewerk bl 37-38). ***Opmerking:*** Ek vertaal met 'manne wat ...' omdat εχοντας ml is.

25 NIDNTT vol 1 bl 350, 351 wys my dat 'n καθαρα συνειδησει die gevolg is van 'n lewe vanuit en inlyn met το μυστηριον της πιστεως. 'n Lewe wat ingaan teen το μυστηριον της πιστεως is ook 'n lewe sonder καθαρα συνειδησει (vgl Bouma se 1Tim komm bl 70-71). Die vraag is nou: wat is die betekenis van εν by εν καθαρα συνειδησει? Dit kan die volgende betekenisse hê (Greek grammer beyond basics bl 372). Dit kan dui op die plek waarin of die sfeer waarin το μυστηριον της πιστεως 'gehou' word. Dit kan daarop wys dat καθαρα συνειδησει en το μυστηριον της πιστεως altyd in assosiasie/ saam met mekaar is. ***Gevolgtrek:*** Ek keis hier vir die tweede betekenis. Dit pas ook vir my by die waarheid dat καθαρα συνειδησει die gevolg is van 'n lewe vanuit en inlyn met το μυστηριον της πιστεως (vgl Knight se 1Tim komm bl 169; Bouma se 1Tim komm bl 70-71; Clark se 1Tim komm bl 59).

in ons liefde-diens aan mekaar
as hulle nie die Evangelie oor Jesus
wat gekom het    om te dien en te verlos
sodat ons as verlostes kan dien
nie ken nie
as hulle hierdie Evangelie nie aangeneem het nie
as hulle nie totaal-en-al vanuit hierdie evangelie leef nie??!

Dit kan nie!!    Dit kan nie!!
As diakens nie manne is
*“wat die verborgenheid van die geloof in ‘n rein gewete hou”* nie
kan hulle nooit ooit vir die gemeente van God leiding gee
oor hoe ons mekaar in liefde moet dien nie.

Want wat is dan die verskil
tussen diakens en goddelose humaniste
wat mense dien omdat hulle mense verafgod.

In plaas daarvan dat hulle mense dien
omdat Jesus ons verlos het
en God weer sentraal in ons lewens staan?

Niks    absoluut niks.
Want sonder *die verborgenheid van die geloof*
in ons harte en verstande
is ons dien van ander mense afgodediens.

**3.** En net hier wil ek hê
dat ons moet stil staan by **'n paar implikasie
van *vers 8-9* se diaken-merktekens.**

En kom ons bly vir die oomblik hier by ***vers 9***    waar Paulus sê
dat diakens *“manne wat die verborgenheid van die geloof
in ‘n rein gewete hou.”*

*Toepassing*[26]
Ja   dis so belangrik   want sonder die Evangelie in diakens se harte
is daar nie 'n verskil
tussen diakens en Filantrope of Kommuniste of Marxiste
wat allee maar armes wil *ophef*
en die kloof tussen ryk en arm wil uitwis
sodat almal uiteindelik in 'n utopia van werkers
sonder klasse onderskeid kan leef.

* * * * *

So   hierdie merkteken van ***vers 9***
wat sê dat diakens die volheid
van die geopenbaarde Evangelie oor Jesus Christus
moet ***ken***   en ***aangeneem het***   en moet ***leef***
is ontsettend belangrik.

En ons moet dit hoor in ons tyd.

*Toepassing*[27]
Want ons leef in 'n tyd   dat ons so maklik sê:
'ons moet minder klem lê op ***dogma*** en meer ***doen***.
Ons moet minder klem lê op die ***ken***
van die verborgenheid van die geloof
en meer ***doen*** hier in ons gemeenskap.

*Opmerking*
En natuurlik   ek dink dis ook reg.   Ons moet meer doen!

Maar dis verkeerd
om hierdie twee goed teenoor mekaar te sit.
Paulus   die apostel   doen dit in elk geval nie in ***1Tim 3:9*** nie.

---

26 Vgl Ryken se 1Tim komm bl 127-128
27 Vgl Horton, The Christian faith – a systematic theology for Pilgrims on the way, bl 14

*Verduidelik*

Nee Paulus leer geïnspireerd dat Diakens
wat moet doen-en-dien
en daarby aan ons doen-en-dien leiding moet gee
dogma in hulle harte moet hê.

Ja vanuit die 'dogma van die Woord'
of vanuit die verborgenheid van die geloof in diakens se harte
moet hulle aan ons leiding gee.

Ons dien-en-doen moet met ander woorde gerig en gelei word
vanuit die wonderlike dogma oor Jesus Christus.

* * * * *

*Christus as voorbeeld*[28]

Dis hoe Jesus self ook met sy dissipels gewerk het
en nou nog met elke ware gelowige dissipel werk.

Jesus roep ons na Hom toe.
Hy sê: 'volg My.'[29]

En dan? Bly Jesus dan stil?
Nee! So ver soos Jesus loop en ons Hom volg
is Hy besig om ons die Evangelie te leer.
En as Jesus doen wonders doen
dan leer Hy daarmee die Evangelie
sodat sy dissipels vanuit die regte ***dogma*** kan ***dien***.

* * * * *

*Selfondersoek*

En nou moet ons selfondersoek doen broeders diakens.

- Hou julle die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete.
- Ja ken ons die Evangelie waaragtig?
- Neem ons toe in kennis?

28 Vgl Horton, The Christian faith – a systematic theology for Pilgrims on the way, bl 23-25
29 Bv Mark 1:17

- Maak ons erns met toerusting geleenthede?
- Maak ons erns met Bybelstudie geleenthede?
- Maak ons erns met ons eie studie van die Skrif?

En neem ons hierdie evangelie aan?
En leef ons daaruit met 'n rein gewete?

* * * * *

En ons geliefdes? Onthou ons diakens kom uit ons.
So is die verborgenheid van die geloof in ons harte?
Ken ons dit? Smag ons daarna?

*Opmerking*
Petrus sê in 1Pet 2:2 dat 'n wedergebore mens
soos 'n pas gebore baba smag na die Woord
sodat jy daardeur kan opgroei.

So hoe staan dit met ons?
Smag ons na die kennis van die verborgenheid van die geloof?
Smag ons na die kennis van die Evangelie?

Of wys my afsydigheid teenoor ware Skrif-studie
en toeneem in kennis van die Woord
dalk dat ek nog nie weergebore is nie?!

* * * * *

Ja dis so belangrik. Die verborgenheid van die geloof
moet nie net in diakens se harte wees nie.
Nee ons almal moet dit ken en toeneem in kennis.
Ons moet dit aanneem en daaruit leef.

*Toepassing*
Want daarsonder gaan daar uit ons diakens kom
wat nie vanuit die waarheid van die Evangelie Godvresend leef nie
en waardig is nie.

Daarsonder gaan ons diakens hê
wat uit twee monde spreek en aan drank verslaaf is
en vuilgewinsoekers is.

Want dis alleen deur die verborgenheid van die geloof
ja deur die Evangelie in ons harte
dat God bekerend en heiligend in ons lewens werk.
So hoor ons bv in Joh 17:17.

*Oorgang*
So ***vers 9*** se merkteken
van *"die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou"*
is baie belangrik.
Want daarmee saam gaan ook ***vers 8*** se merktekens.

*Verduidelik*[30]
Want met die verborgenheid van die geloof
ja met die Evangelie woord in diakens se harte
kan daar 'n lewe van Godsvrees en waardigheid wees.
Die eerste merkteken van ***vers 8***.

Met die Evangelie woord in diakens se harte
kan hulle al meer betroubaar wees
en al minder uit twee monde spreek.
Die tweede merkteken van ***vers 8***.

Met die Evangelie woord waarlik in diakens se harte
staan Jesus al meer in die middelpunt
van hulle lewens en nie meer Bachus die drankgod nie
en ook nie meer Mammon nie die god van vuilgewinsoekers.
Die derde en vierde merkteken van ***vers 8***.

* * * * *

30 'n Godvresende lewe waaruit vers 8 se merktekens vloei hang direk saam met 'n lewe vanuit die Woord in jou hart (vgl Waltke, An OT theology, bl 161, 483)

Maar dit bring ons nou by ***vers 10*** waar Paulus sê:
*"En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak;*
*daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien."*

**4.** En net hier is ons by ons punt
wat gaan oor **ons as gemeente**
**se verantwoordelikheid of roeping**.

*Opmerking*
En oor hierdie roeping van ons as gemeente of ons as Kerk
leer ons meer vanuit ***vers 10***.
So kom ons fokus nou op ***vers 10***.

Paulus praat hier in ***vers 10*** oor broeders
wat uiteindelik as diakens moet dien en dan sê hy:
*"En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak ... "*

*Verduidelik*[31]
Nou hierdie proeftyd wat deurgemaak moet word
is ons vertaling van die Griekse woord δοκιμάζω.
En die ou-Nederlandse statevertaling vertaal dit so:
*"En hulle moet ook eers beproef word ..."*

En ek dink die vergelyking van hierdie twee vertalings help ons
om beter te verstaan wat Paulus ons hier wil leer.

So ja wat Paulus hier vir ons wil sê
is dat daar eers 'n evaluering moet wees
voor iemand diaken kan wees.
Iemand kan nie net sommer 'n diaken wees nie.

31 δοκιμαζεσθωσαν = praes imperat mv med/pas van δοκιμάζω, met die betekenis van 'laat hulle noukeurig getoets word'/ 'hulle moet noukeurig getoets word'/ 'laat hulle hulself noukeurig toets' (Baljon bl 242). Vanuit die konteks, waar dit gaan oor ander wat merktekens in die διακονοι moet raaksien, kies ek vir die passiewe betekenis van die ww. ***Dus:*** 'laat hulle noukeurig getoets word/ geëvalueer word' (vgl Knight se 1Tim komm bl 170; Calvyn se 1Tim komm bl 87).

Nee   hy moet eers geëvalueer word

*“daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien.”*

*Verduidelik*[32]

Of ons kan ook sê:

'daarna, na die evaluasie, as daar sekerheid is

dat iemand die merktekens van ***vers 8-9*** het,

en daarom ook onberispelik is,    kan hy as diaken[33] dien.'

* * * * *

Maar nou'sie vraag:    Wie moet nou hierdie evaluasie doen?

*Opmerking*

En die antwoord op hierdie vraag is nogal belangrik.

Want dit gaan ons uitbring by ons as Kerk se roeping

hier waar dit gaan oor die diaken-amp.

So   ja   wie moet die evaluasie doen?

* * * * *

Nou   voor verlede week

kon ons 'n hele klomp goed oor die diaken-amp leer

vanuit ***Hand 6:1-3***.

En nou'sit weer so.    Hoekom sê ek so?

*Verduidelik*[34]

Wel   die antwoord kry ons

as ons bietjie ingaan op ***Hand 6:3***.

32 Vgl TDNT vol 2 bl 260; Knight se 1Tim komm bl 168, 170; Reformation study Bible; Bouma se 1Tim komm bl 70.

33 διακονειτωσαν = praes imperat akt 3de mv van διακονέω. Hier in **10b** gaan dit dan daaroor om te dien as diaken ... wat dieselfde werk in hou as διακονειν τραπεζαις van **Hand 6:2** (TDNT vol 1 bl 87; Knight se 1Tim komm bl 170; Ridderbos se 1Tim komm bl 98).

34 Wie is die agent van die passiewe ww δοκιμαζεσθωσαν wat hierdie evaluasie opdrag moet uitvoer? Ek het reeds by **vers 8** gesien dat daar 'n nou verband is tussen die diaken-amp en die gebeure in **Hand 6:1-3** (Clark se 1Tim komm bl 60). Daar moes sewe manne gekies word om die liefde-diens-bestuur-bediening te behartig. Dit is ook die werk wat die diakens van **1Tim 3:8** moet doen. Vanuit **Hand 6:3** leer ek dat die Jerusalem-kerk die sewe manne moes kies (ἐπισκέπτομαι). Hierdie woord het egter ook die betekenis van 'noukeurig uit-kyk-en-dan-kies' (TDNT vol 2 bl 604-605; Macarthur se Hand komm bl 181) – iets wat, na my mening, ooreenstem met δοκιμάζω (vgl Lou & Nida.odt). Dus, die Jerusalem-kerk was in hulle ἐπισκέπτομαι-handeling ook besig met δοκιμάζω aan die hand van die vereiste wat daar gegee word (**Hand 6:3**).

Die apostels is daar aan die woord
en dan sê hulle vir die Jerusalem-kerk:
*"Kyk dan uit (of kies dan uit) ... sewe manne uit julle ..."*
wat leiding kan gee in die liefde-diens van die Kerk.

En nou is hierdie *uit kyk* of *uit kies*
ons vertaling van 'n Griekse woord
wat in betekenis baie naby is aan ***1Tim 3:10*** se *evalueer*
as Paulus sê:
*"En hulle moet ook eers **geëvalueer** word;*
*daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien."*

* * * * *

Maar wat sê dit nou vir ons oor wie die evaluering moet doen?

*Verduidelik*[35]
Wel hierdie ooreenkoms tussen ***Hand 6:3*** se *uit kyk* of *uit kies*
en ***1Tim 3:10*** se *evalueer* lei ons
om vanuit ***Hand 6:3*** te leer
dat die gemeente betrokke is
by die *uit kyk* en die *uit kies* en die *evaluering*
van manne wat uiteindelik diakens moet wees.

*Toepassing*
En net hier is ons by ons as gemeente se roeping.
Dis ons geliefdes wat moet *evalueer*.
Dis ons wat moet *uit kyk* en *uit kies*.

Dis ons wat moet sê:
'Ja ... hierdie broeder kan dien as diaken.'

Maar dadelik sê dit ook vir ons hoe belangrik dit is
dat elkeen van ons sal weet

35 Vgl Knight se 1Tim komm bl 170; Ryken se 1tim komm bl 128

waaroor die diaken-amp gaan.

Dit sê vir ons hoe belangrik dit is
dat ons elkeen die verborgenheid van die geloof
in 'n rein gewete te hou
sodat ons elkeen vanuit die Evangelie kan weet
waaroor die diaken-amp gaan.

Maar dit sê ook vir ons hoe belangrik dit is
dat ons elkeen die diaken-merktekens
van ***vers 8-9*** goed sal ken en verstaan
sodat ons kan weet hoe om te evalueer.

**5.** En by dit alles moet ons ook in ons harte bewus wees
van **'n baie belangrike waarheid hiermee saam**.

*Opmerking*
En dis ons laaste punt waarmee ons ook gaan afsluit.

So wat ons nou gesien het
is dat dit ons as gelowiges in die Kerk se roeping is
om te evalueer en te kies.

Daarom moet ons weet
waaroor die diaken-amp gaan.
Daarom moet ons ***vers 8-9*** se diaken-merktekens ken.

Maar dan moet ons ook aangegryp wees deur die waarheid
dat hierdie merktekens nie uit onsself kom nie.
Nee! Dit het alles te doen met Gees-vervuldheid.

*Bewys*
Want as Paulus in ***vers 9*** sê

dat diakens en ons *“die verborgenheid van die geloof in ‘n rein gewete hou”*
dan sê Paulus ***ook*** in 1Kor 2:11
dat God hierdie verborgenheid openbaar deur die Gees.

En in 1Kor 2:12-14 leer hy
dat ons hierdie geopenbaarde verborgenheid
alleen kan aanneem en verstaan
deur die werking van die Gees in ons.[36]

En kom ons by die vier merktekens van ***vers 8***
kan diakens en ons hierdie merketekens
van *“waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie”*
net hê as ons vol is van die Gees
en die Gees 'n nuwe lewe in ons werk.[37]

**Slot**

So wat sê dit vir ons?
Wel dit alles sê dat Paulus se 'leer' oor die diaken-amp
ons heen wys na Christus toe.

Na Christus wat in ons moet kom heers
verlossend en vernuwend deur die Heilige Gees.

So kom ons bid daarvoor.

Kom ons bid dat Christus waarlik verlossend en vernuwend
in ons sal heers deur sy Gees
sodat ons mekaar selfopofferend kan dien
en diakens kan hê wat ons hier in kan lei.

# Antwoorddiens

### Amen

36 Vgl Floor, Hy wat met die heilige Gees doop, bl 84; Reformation study Bible bl 1646.
37 Vgl Gal 5:16, 19-23; Efes 5:9, 18.

***Psalm as antwoord op die Woord* –** Ps 119: 41, 42

***Gebed***

***Barmhartigheidsdiens***

Psalm tydens kollekte : Ps 1: 1, 2, 4

Slotpsalm : Ps 122: 1, 2

**Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**“Die genade van die Here Jesus Christus**
**en die liefde van God**
**en die gemeenskap van die Heilige Gees**
**sy met julle almal!**
**Amen.**